

Sondag 7 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 1:19b-23

Here, gee dat ons die wonder van die verheerlikte Christus mag ken

Die gebed om intiem te kan ken, gaan voort in hierdie verse en is veral op Christus se verheerliking gefokus. Die eerste stap hierin is ons gebed om God se groot krag in sy opwekking van Christus uit die dood te verstaan en in die geloof te omhels. Dit gaan nie net daaroor dat Hy lewend uit die graf gekom het nie, maar dat Hy die dood oorwin en die duiwel en sy magte verslaan het, en só alle mag verkry het.

Ons sien ook God se groot krag in Christus se hemelvaart waardeur Hy die goddelike troon bestyg en alles regeer. Hy regeer oor bese magte, die Baas oor goeie en slegte magte en engele, en daarom kan ons in vrede lewe. Ons kan God se krag ook ken deur-dat Hy Christus die Hoof van die kerk maak. God het die krag om so lief te hê dat Hy ons aan die Koning en die Hoof van sy kerk verbind.

Paulus bid ook dat ons God se krag kan leer ken in die skepping van die kerk, die lig-gaam en volheid van Christus. Die kerk is God se nuwe skepping, sy wonderwerk. God se krag kan gesien word in gelowiges se liefde, blydskap en vrede. Die kerk as liggaam van Christus kry sy lewe van Christus en word deur die Heilige Gees saamgebind en beheer. Christus se heerskappy nou oor alles in die wêreld kan alreeds in die lewe van kerkmense gesien word.

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)